

## 14 - 19 Augustus 2023

HOËRSKOOL DURBANVILLE
Langenhovenstraat 1
Durbanville
7550

**Toegewyd tot die ontwikkeling van jong talent.**

DURBANVILLE

LABOR ORNAT

# TONEELFEES 2023

# HSD TONEELFEES

# Reëls

## INSKRYWINGS

- Skole of groepe mag meer as een produksie inskryf. 'n Aparte inskrywingsvorm moet volledig vir elke produksie ingevul word.
- Produksies mag in enige taal opgevoer word.
- Lengte van produksies: minimum 20 minute / maksimum 45 minute

## TEGNIES

- Bring asseblief DRIE kopieë van elke toneelstuk en handig dit tydens die tegniese repetisie in.
- Vir bestaande tekste moet opvoerregte vanaf DALRO bekom word. Stuur asseblief 'n bewys hiervan saam met u inskrywing, indien van toepassing.
- Daar word voorsiening gemaak vir 45 minute tegniese repetisietyd vir elke produksie. Hierdie 45 minute moet gebruik word vir die posisionering van dekor, die merk van posisies met maskeerband, die opstel en programmering van beligting, en die toets van klankvlakke. Let asseblief daarop dat slegs die skool of groep wat repeteer in die ouditorium toegelaat sal word tydens hierdie tegniese repetisietyd. Repetisietye sal binne 2 weke na die sluitingsdatum vir inskrywings aan skole of groepe kommunikeer word.
- Verhoogbestuur, klank en beligting is onder die beheer van die Hoërskool Durbanville se tegniese span. Enige spesiale effekte of versoeke moet vooraf bespreek en beplan word. Elke skool of groep moet hulle eie klank- en beligtingsoperateur(s) hê. Hierdie leerders sal saam met die tegniese span in beheer werk.
- 'n Verhoog- en beligtingsplan sal een week voor die toneelfees aan skole gestuur word.
- Daar sal tien minute tussen produksies toegelaat word. Hierdie tyd moet benut word om alle dekor van die verhoog te verwyder en in die geallokeerde ruimtes op die ouditoriumvloer te plaas, terwyl die volgende produksie hulle dekor opstel.

## BEOORDELING

- 'n Paneel van drie beoordelaars sal elke produksie beoordeel. Daar sal ook 'n kort gesprek met elke groep gevoer word aan die einde van elke dag. Ons moedig alle deelnemers aan om teenwoordig te wees, aangesien skole of groepe tydens hierdie gesprek hulle sertifikate sal ontvang. Individuele beoordelaarsnotas en -kommentaar sal in die week na die optredes aan skole of groepe gestuur word. Beoordelingskriteria sal saam met die finale program uitgestuur word.

## SLUITINGSDATUM

- Die sluitingsdatum vir inskrywings is **Vrydag, 16 Junie 2023**. Voorkeurdatums vir opvoerings word streng toegeken in die volgorde waarin inskrywings ontvang word.
- Stuur dus u inskrywing so vroeg moontlik in om teleurstelling of ongerief te voorkom. Alle deelnemende skole of groepe sal die finale program met optreedatums en -tye twee weke na die sluitingsdatum per e-pos ontvang.
- Inskrywings moet asseblief na fhamman@durbanvillehs.co.za of dpereira@durbanvillehs.co.za gestuur word. Indien u nie 'n erkenning van ontvangs binne 24 uur kry nie, kontak Frans Hamman of Delia Pereira telefonies by 083 658 4246 of 062 072 9853.

## INSKRYWINGSFOOI

- 'n Inskrywingsfooi moet elke inskrywing vergesel en is nie terugbetaalbaar nie. Stuur asseblief die bewys van betaling van die inskrywingsfooi saam met u inskrywingsvorm. Hierdie inskrywingsfooi gee aan deelnemers die geleentheid om produksies verniet te kan kyk op die dag van hul optrede.
- 1ste produksie: **R700**; 2de: **R650**; 3de: **R600**
- Bankbesonderhede vir die inbetaling van die inskrywingsfooi is as volg:

Bank: ABSA
Rekeninghouer: HOERSKOOL DURBANVILLE
Tipe rekening: CLASSIC BUSINESS ACC
Rekeningnommer: 10-0535-3935
U verwysing: HSDTF + Naam van skool / groep (Bv. HSDTF Lekker HS)

## KAARTJIES VIR GEHOORLEDE

- Kaartjies sal teen R50 per dag te koop wees by die deure.

## WETLIKHEDE

- Die beslissing van die beoordelaars is finaal.
- Die Hoërskool Durbanville behou hom die reg voor om die fees uit of af te stel as gevolg van buitengewone omstandighede, in welke geval die inskrywingsfooie wel terugbetaal sal word.
- Elke skool of groep vrywaar die Hoërskool Durbanville van enige besering of skade van watter aard ook al wat opgedoen mag word as gevolg van deelname aan die HSD Toneelfees.



## TOEKENNINGS

- Na afloop van die laaste opvoerings op Saterdag, 19 Augustus word die benoemings en algehele wenners van die toneelfees aangekondig. Tydens hierdie prysuitdeling word die volgende toekennings gemaak:

o Beste produksie

o Beste regisseur

o Beste nuutgeskrewe teks

o Beste akteur in 'n hoofrol

o Beste aktrise in 'n hoofrol

o Beste akteur in 'n ondersteunende rol

o Beste aktrise in 'n ondersteunende rol

o Beste ensemble

o Beste algehele hantering van tegniese aspekte

o Van Heerden Heunis-gedenktrofee vir uitnemendheid op die verhoog

o Kevin Lorenzen-gedenktrofee vir tegniese voortreflikheid

o Dawie Maritz-gedenktrofee vir uiteenlopende prestasie

o Beoordelaarstoekenning



**"Politics is downstream from culture." - Andrew Breitbart**

# WELKOM BY DIE TUISTE VAN DURBIE TROTS

**D**IENSBAARHIED
**U**ITNEMENDHEID
**R**ESPEK
**B**ALANS
**I**NKLUSIWITEIT
**E**IENAARSKAP